# SENWES SCENARIO

**GRATIS**

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

KOPSKUIF IN LANDBOU 2019

1909 - 2019
110



# KOPSKUIF IN LANDBOU


**4** ‘N KOPSKUIF IS NODIG OM UIT TE STYG

**6** **INNOVATION:** THE TECHNOLOGY SHIFT

**10** AGBIZ OUTLOOK 2019 – BE READY

**26** **AREAFOKUS:** BLOEMFONTEIN

**20** NASIONALE TOULEIER VAN DIE JAAR

**22** **PRODUSENTFOKUS:** WILLIE JACOBS


Senwes

**Outperforms any competition in it's class**



# C120
## THE BEST FORAGE HARVESTER EVER!

- No corn cracker required.
- Superior belt 5 threads Super HC.
- Thicker frame bottom (25% thicker).
- Blades: 12 blades with patented “C” shape.
- Serveral heads available: make the harvester more versatile 20% higher output capacity.
- Chop sizes 2mm - 36mm.
- Low maintenance & affordable spare parts.
- Up to 35 tons capacity depending on cutting size.



## Complete Forage Harvesting equipment range



## Introducing our new Grain and Forage baggers for the 2019 season

Finance Available



STAALMEESTER™ since 1951

PRODUCTIVITY, COST EFFICIENCY & SERVICE TO THE FARMER

Martin +27 82 806 6377
Paul +27 82 888 1877

Staalmeester | Staalmeester Since 1951 | www.staalmeester.co.za

SENWES
# SCENARIO

## REDAKSIE

**Hoofredakteur:** Marlon Abrahams
Tel: 018 464 7349
*marlon.abrahams@senwes.co.za*

**Redakteur:** Aubrey Kruger
Tel: 018 464 7449
*aubrey.kruger@senwes.co.za*

**Advertensies:** Mariëtte Hugo
Tel: 018 464 7505
*mariette.hugo@senwes.co.za*

**Ontwerp en uitleg:** Mercia Venter
*mercia.venter@senwes.co.za*

**Medewerkers:** Ian Bothma, Boet van Zyl, Juan Booysen, ds Willie Botha, Frans Dreyer, Johan Jordaan, Johan Le Grange, Phillip Lee, Kefiloe Manthata, Hansie Swanepoel, dr Kobus Swart, Petrus van Staden, Martin van Zyl en Milanie Vosloo.

**Subskripsie:** Marie Erasmus
Tel: 018 464 7568
Faks: 018 464 7772
*marie.erasmus@senwes.co.za*

**Eienaar:** Senwes,
Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Tel: 018 464 7800

**Drukwerk:** Typo
Tel: 011 402 3468



- Alle regte van die inhoud van Senwes Scenario word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.


http://fwd2.co/ScenarioApple

http://fwd2.co/ScenarioGoogle

Lees die *Senwes Scenario* aanlyn in Afrikaans en Engels by www.scenario.co.za of laai die *Scenario* toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by facebook.com/ReadScenario en volg ons op Twitter by @ReadScenario

# Inhoud



**Tema: Kopskuif in landbou**



The technology shift p6



Nismark: Knoffel bl 24

**VOORBLAD**
*Die fokus is in dié uitgawe op die kopskuif wat produsente en landboumaatskappye moet maak in die moeilike ekonomiese toestande. Lees meer oor Senwes se eerste 50 jaar en ook hoe produsente 'n kopskuif moet maak ten opsigte van die nuutste tegnologiese ontwikkelings in landbou. Die nismark-fokus is knoffel en Senwes Scenario het 'n knoffelplaas in die Ventersdorp-omgewing besoek.* **Bl. 4, 6, 8 en 24.**


**ALGEMEEN**
02 Editorial: It's time to do things differently
03 Spotprent: Pieter & Tshepo
03 Oraloor gehoor
03 Did you know?
08 Senwes 110: The first 50 years

**ARTIKELS**
26 Areafokus: Fonteine van vernuwing in Bloem
28 Areafokus: Senwes, Hinterland en Certisure personeel in Bloemfontein
13 Produsentfokus: Hinterland wenner nou ook wêreldkampioen
22 Produsentfokus: Brahmane is Willie Jacobs se kos
06 Innovation: The Technology Shift
26 Digital Media: How to adopt a digital mindset in 5 steps
29 Jag: Jagtyd!

**NUUS**
04 Die regte besigheidskopskuif vir 2019
10 Agbiz Outlook 2019 – Be ready!
10 Order of Agricultural Merit for Dr John Purchase
12 Die hart van Hartbeesfontein: Veiligheid is die wagwoord
20 Barend van Staden: Touleier van formaat
30 Senwes al 26 jaar deel van Ottosdal Draf en Trap
30 Hou jou voete op die grond, maan BFAP!

**LANDBOUKUNDIG**
14 Die gebruik van groeibevorderaars in voerkraalbeeste
18 Watter faktore gee aanleiding tot marginalisering van grond?
16 Niche market: Smells like success

**FINANSIEEL**
34 Senwes Graanmakelaars: El Niño: Wat het gebeur in die verlede?

**RUBRIEKE**
02 Uit die Woord: ds Willie Botha
36 Kos vir die siel: Milanie Vosloo

**LEEFSTYL**
36 Tuin: Somerwenke
36 Wen 'n kopie van *Hoop wat kaalvoet loop*








Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke tweede maand vir maatskappy- en bedryfsnuus. Teken in by www.senwes.co.za.

Redakteursbrief

# Dis tyd om dinge anders te doen

Albert Einstein ontvang gewoonlik krediet vir die volgende stelling: "Die definisie van gekheid is om dieselfde ding oor en oor te doen, maar om telkens ander resultate te verwag." Alhoewel daar nog nooit bewys is dat Einstein dit wel gesê het nie, maak dit nie regtig saak nie want almal weet dat dit 'n waarheid is wat al oor en oor bewys is. Dink maar aan 'n vlieg wat deur 'n toe venster probeer vlieg, oor en oor, totdat dit uiteindelik vrek van uitputting.

Dit is 2019, dis 'n verkiesingsjaar en grondhervorming is die onderwerp op almal se lippe. Ons Groep HUB, Francois Strydom, het onlangs die punt gemaak dat "die wêreld deurmekaar is - kyk maar na wat gebeur met Macron se Parys, Trump se Amerika, ensovoorts, ensovoorts."

Of dit nou die sikliese aard van die wêreld is, wat geneig is om homself oor en oor te herhaal, deur hoogtepunte en laagtepunte te gaan en dan weer alles te herhaal, en of ons onself in so 'n siklus bevind, die punt is dat ons almal "die verandering moet wees wat ons in die wêreld wil sien" - Mahatma Ghandi.

Hopelik het jy tyd oor die vakansie af gehad om bietjie voorraad te neem van jou lewe, jou besigheid, jou verhoudings... en hopelik het jy patrone geïdentifiseer wat nie die verlangde resultate oplewer nie. Dit is nou tyd om jou gedrag te verander. 'n Boer het 'n intieme en intuïtiewe verhouding met die grond en sy diere. Hy/sy kan aanvoel wanneer dit tyd is om iets te verander, soos om lande te laat oorlê, of meer kunsmis toe te dien, of 'n nuwe gewas te plant, of met 'n verskillende soort lewendehawe te teel.

Ons moet ook so na binne kyk en ons eie geluk meet en aktief besluit om 'n gelukkige, gebalanseerde lewe te leef, in harmonie met al ons gemeenskappe.

Ek hoop jy het'n goeie plantseisoen gehad en dat jou oeste in 2019 oorvloedig sal wees!



Marlon Abrahams
HOOFREDAKTEUR

## Uit die Woord



Ds. Willie Botha

### Kopskuif

**'N KOPSKUIF KAN** ons ook 'n paradigmaskuif noem. Dit kom daarop neer om jou invalshoek, denke en verstaan van 'n situasie uit te daag. Dikwels is 'n kopskuif nodig wanneer omstandighede skielik verander of wanneer 'n bestaande situasie 'n kritiese punt bereik. Mense wat sukkel om kopskuiwe te maak, voel baie keer dat hulle in 'n doodloopstraat beland het. Jy kan letterlik voel asof jy jou vasgeloop het.


Miskien is dit presies wat die ervaring van die Israeliete was toe die reus Goliat uit die geledere van die Filistyne na vore geloop het. In hulle denke was daar nie 'n antwoord op wat hulle voor hulle gesien het nie. En dan kom 'n doodgewone skaapwagter op die toneel en hy kan glad nie sien wat nou eintlik die probleem is nie. Dit is 'n voorbeeld van 'n kopskuif. Gideon, wat in die parskuip bang wegkruip en die volgende oomblik deur die engel dapper man genoem word, veroorsaak 'n kopskuif. Paulus, wat die een oomblik vervolger en die volgende oomblik verkondiger van Christus word, is waarskynlik een van die beste Nuwe Testamentiese voorbeelde. Niks kom egter naby die kopskuif wat God vir ons gemaak het nie. In plaas van die mens te veroordeel vir sy ongeregtigheid, stuur Hy Jesus na die wêreld om ons ongeregtigheid te verander.

"Kopskuif" is ook die tema van 'n boek wat deur Dawie Smith, bekende radiopersoonlikheid, leier en opvoedkundige, geskyf is. Dit is 'n briljante boek wat kopskuif breedvoerig vanuit 'n geestelike-, fisieke-, intellektuele- en emosionele vlak benader. Sy invalshoek is dat die strepie (dash) tussen die geboorte- en sterfdatum op jou grafsteen, die lewe is wat jy lewe. Dit is die belangrikste deel en ons kan dit in 'n groot mate bestuur.

Indien jy jou denkhouding, gevoelens of jou gedrag wil verander, kan jy gerus Dawie Smith se sewestap-veranderings- en weerbaarheidsmodel oorweeg:

**Stap 1:** Bewuswording van die saak of probleem (Kop)
**Stap 2:** Erken die impak op jou lewe (Kop en Hart)
**Stap 3:** Oorweeg jou erns/brandende begeerte om te wil verander (Hart)
**Stap 4:** Wat is jou opsies? (Kop)
**Stap 5:** Verbind jouself tot die gekose opsie (Kop en Hart)
**Stap 6:** Neem aksie (Hand) en volhard (Hart)
**Stap 7:** Gereelde bestekopname

Christene is egter nooit vasgeloop nie. Daar is 'n noue band tussen Christelike hoop en kopskuiwe. As Christus deel van jou lewe is, is jou lewensveranderinge ook nie sonder Christus nie. Die Heilige Gees help ons om dit wat vir ons as moeilik, ongemaklik en selfs onmoontlik voorkom, te vermag. S




## HET JY GEWEET?

**40%** van die wêreldbevolking werk in landbou. Landbou is die grootste werkgewer ter wêreld.

## "Oraloor gehoor..."

**FRANCOIS STRYDOM**

Senwes Groep HUB

Na 'n vergadering met die uitvoerende span van die Vrystaat Departement van Landbou by Senwes Hoofkantoor op 31 Oktober 2018.

"Ons bring hulde aan die Departement se proses om uit te reik na die privaatsektor en ander rolspelers. Ons is van mening dat dit die regte pad is om te volg - 'n vennootskap tussen die departement, die staat en provinsiale regering, en privaat inisiatief om die situasie in ons land te verbeter."

**CHRISTO VAN DER RHEEDE**

Vise-Uitvoerende Direkteur Agri SA

Oor Agri SA se AgruHub webtuiste wat tydens die organisasie se jaarlikse kongres in Pretoria geloods is.

"Deur die transformasie van die sektor, wil AgroHub al ons beste praktyke tentoonstel om te verseker dat daar voldoende ondersteuning vir die nuwe generasie boer is."

**RISENGA MALULEKE**

Statistikus-Generaal

Oor die Sensus van Kommersiële Landbou, wat vanaf 15 Oktober 218 tot Junie 2019 sal strek.

"Die doel van die sensus van kommersiële landbou is om basiese kwalitatiewe inligting oor die sektor te versamel. Hierdie inligting is noodsaaklik vir beplanning, beleidsformulering en om voedselsekuriteit te meet."."

## KORTLIKS

### GRAANMARK

Die afgelope paar weke se beweging in graanpryse het weer die belangrikheid van 'n bemarkingsplan uitgewys.

'n Bemarkingsplan moet dinamies wees en moet toelaat dat daar in hoër pryse gedeel kan word. Bemarkingsbesluite moet op winsvlakke gegrond word, eerder as om vir die hoogste moontlike prys te mik.

Opsies is van groot hulp om die bogenoemde doelwitte te bereik. Deur objektief en doelgerig aan die mark deel te neem, kan 'n produsent homself in die mark posisioneer om maksimum voordeel te trek uit die geleenthede wat die mark bied.

Lees die volledige Graanmark-artikel deur Hansie Swanepoel by die skakel http://senwes.co/hansie119 of skandeer die QR-kode.

**FRANCOIS STRYDOM**

Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes

Senwes het die nasie uitgedaag om op Vrydag, 1 Februarie 2019 te braai om só gehoor te gee aan AgriSA se oproep aan alle Suid-Arikaners om die produsente se probleme weg te braai.

"As elke Suid-Afrikaner 1kg meer rooivleis eet, wis ons waarskynlik die surplus uit."

"Ek het al regoor die wêreld gereis om boere te ontmoet, maar nêrens het ek boere ontmoet wat meer vernuf, deursettingsvermoë en toekomsvisie as die boere in Suid-Afrika het nie." – **JESUS MADRAZO**

Crop Science se hoof van landbousake en volhoubaarheid: Bayer • Spreker by die Agri SA Kongres 2018 oor die vernuf van produsente



# Die regte besigheidskopskuif *vir 2019*



***Senwes Scenario*** **het by Francois Strydom, Senwes se Groep Hoof Uitvoerende Beampte, gaan inloer en met hom gesels oor die stand van landbou en watter kopskuiwe produsente sal moet maak om te oorleef.**

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Die jaar 2019 is 'n unieke jaar. Soos elkeen daarvoor, veral in landbou. Wie kan nog die klok terugdraai na 2015? Toe het ons gedink: "Dit is so sleg as wat dit moontlik kan gaan met die laagste reënval in amper 107 jaar." En kyk waar is ons nou in 2019, met die nasionale aanplantings wat laer is as die aanvanklik geprojekteerde intensie en die seisoen wat tussen 6 en 8 weke laat gaan wees. Reënval in die westelike deel is selfs nog laer as in 2015, tans is ons by minder as 60% van die 30-jaar gemiddeld.

Die verwagte reënval het nie gerealiseer nie en die weerfenomeen het veroorsaak dat neerslag nie plaasvind nie of dat dit baie min reën. Wat die seisoen ook uniek maak, is dat dit 'n produsent gemiddeld drie jaar neem om homself uit so 'n situasie te bestuur en ons is nou eers in daardie derde jaar sedert die 2015/16 droogte.

Opmerklik is die feit dat die reënval in die ooste en dele van die noorde redelik goed is, maar in die Wes- en Verrewes-Vrystaat baie sleg, wat die kwaliteit en kwantiteit van graan gaan beïnvloed. Huidige skattings is dat 15% tot 20% minder mielies aangeplant gaan word op 'n nasionale basis. SA kan dus tussen 7 en 10 miljoen ton mielies produseer. Die seisoen en die mielieprys het op 14 Januarie 2019 klaar deur die vlak van R3 000 per ton beweeg, wat positief is indien jy 'n oes het.

Die realiteit is dat individuele produsente erge probleme gaan ondervind en ons dus in die toekoms minder produsente gaan hê wat slegs op hulle beter areas en streke gaan aanplant, wat teoreties natuurlik meer bestendigheid kan



Ons het 'n gefokusde besigheidsportefeulje wat impliseer dat ons eerder baie van min wil weet, as min van baie.

teweegbring. Die waarheid is dat Suid-Afrika in vergelyking met die wêreld nie die heel beste produksiegebied is nie.

Om te diversifiseer na alternatiewe gewasse of vee is 'n opsie, maar daar is baie aspekte wat oorweeg moet word. Dit het al begin plaasvind, maar insidente soos wat ons tans ervaar, versnel die proses. Die probleem is dat dit nie jaar-op-jaar verander kan word nie en jy oor meer as 'n 20-jaar winsgeskiedenis moet beskik om 'n ingeligte besluit hieroor te neem.

Produsente is dus al meer risikobestuurders wat risikobesluite neem. "Om te sê ek sal plant mits die prys reg is, is net 'n prysbesluit, maar dit moet met 'n produksiebesluit gekombineer word." Ook belangrik is die volgorde van jou besluitnemingsproses, natuurlik eers produksie- en dan prysbesluite.

**SPESIALISASIE OF DIVERSIFIKASIE?**

Dit is die ewige vraag. By Senwes het ons die voordeel om 110 jaar se geskiedenis te beoordeel en in ons geval is spesialisasie die regte antwoord vir ons besigheidsmodel. Senwes diversifiseer wel ten opsigte van geografie, kommoditeite en klantebasis. Belangrik om te onthou is dat indien jy goed is in een deel van die voedselwaardeketting, impliseer dit verseker nie dat jy goed is in 'n ander ook nie. Indien 'n besigheidstrategie slegs winsbejag is, is dit egter 'n kortstondige siening en 'n gevaarlike pad om te loop. Die regte strategie is om te oorleef in moeilike jare sodat jy, as die siklus weer positief is, die volgende jaar steeds daar sal wees.

**OORLEWING**

Om te oorleef moet jy selfkrities en analities wees rakende jou kernvaardighede, risikobenaderings en die omgewing en nie selfvoldaan wees nie. "Jy is dalk nie so skerp as wat jy dink nie." Wees gefokus, toegewyd en nederig.

Tyd en tydigheid is belangrik. Indien jy 'n besluit moet neem, doen dit. Wat belangrik is, is die boodskap wat jy uitstuur, die kultuur wat jy skep en karakter wat gebou word met die neem van die besluit.

**2019 NASIONALE VERKIESING**

Ons is nou in 'n tydperk waar volatiliteit baie hoog is, politieke insidente voorkom en uitsprake gemaak word. Wisselkoerse, kommoditeite en sakevertroue word geaffekteer, maar dit is belangrik om nie toe te laat dat hiérdie korttermyngebeurtenisse jou van jou langtermynsienings wegneem nie. Verhoed dat jy verlam word deur vrees en om besluitloos te wees. Onthou, geen besluit is ook 'n besluit!

**GOEIE GELEENTHEDE**

Wees bedag daarop dat daar altyd baie goeie geleenthede is: "Van omtrent elke 100 geleenthede benut Senwes vanuit 'n korporatiewe transaksieoogpunt, slegs twee." As dit nie die strategie ondersteun, by die kultuur pas en/of die prys reg is nie, neem ons dit nie. Jy sê dus baie meer nee vir "versoekings" as wat jy ja sê vir "geleenthede". Ons is in die voedselwaardeketting en ondersteun dus produsente. Die kruks is dat ons almal by situasies sal moet aanpas, en indien jy nie die moed en vertroue het om aan te gaan nie, moenie wag dat omstandighede namens jou die besluite neem nie. Senwes onderneem om aan te hou om te belê, besigheidsprosesse te konsolideer en geleenthede te benut.

Ons is daarop gefokus om met insette, marktoegang en finansiële dienste, advies en oplossings aan klante te verskaf. Ons het 'n gefokusde besigheidsportefeulje wat impliseer dat ons eerder baie van min wil weet, as min van baie.

Senwes het ten doel om die beste administrasie en ondersteuningsdienste aan ons operasionele besighede te verskaf, leiding te neem en om grondige kennis met klante te deel. "Wees verseker, Senwes sal aanhou deelneem en nie 'n toeskouer wees nie, ons is deel van Suid-Afrika en aanvaar die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan." S

**Indien u Senwes Credit, Senwes Equipment en Senwes Grainlink wil kontak, skakel hulle gerus soos hieronder aangedui:**

Pieter Swart
Senwes Credit: Uitvoerende Bestuurder
018 464 7532
pieter.swart@senwes.co.za

**Pieter Malan**
Senwes Grainlink: Uitvoerende Bestuurder
018 464 7395
pieter.malan@senwes.co.za

**Ferdie Pieterse**
Senwes Equipment: Uitvoerende Bestuurder
018 464 7653
ferdie.pieterse@senwes.co.za

Tema: Kopskuif

# DIE SKUIF NA LANDBOUTEGNOLOGIE

**Produsente sal 'n kopskuif moet maak ten opsigte van hul boerderybesigheid met uitdagings wat al hoe meer word en nuwe tegnologiese ontwikkelings tot hul voordeel benut ten einde boerderyaktitwiteite te optimaliseer.**

**Deur Martin van Zyl**
Senwes Groepbestuurder: Innovasie en Geïntegreerde oplossings




Die wêreld se toonaangewende maatskappye was industrie-gefokus vir die grootste gedeelte van die geskiedenis van besigheid.

Pioniers soos Henry Ford en Thomas Edison was innoverend op die gebied van atome - hulle het nuwe maniere gevind waarop hierdie atome gereorganiseer kan word om byvoorbeeld monteerbane en die gloeilamp te ontwikkel en te bou. Maatskappye het toe geweldige bedrae belê in die bou van fabrieke en duisende rande aan werkers betaal om dit te bou.

Die meerderheid van die toonaangewende maatskappy het op hierdie manier tot stand gekom: IBM, U.S. Steel, General Electric, Walmart en Ford is maar 'n paar voorbeelde.

Vandag se besigheidsrealiteit is egter baie anders. Ons leef in 'n wêreld van *bytes* – en vir die eerste keer het tegnologie en besigheid bymekaar uitgekom op 'n wyse waarop data baie meer waardevol is as fisiese, tasbare voorwerpe.

Die duidelikse wyse waarop dit geïllustreer kan word, is die manier waarop die mark besigheid aanslaan.






Dit is duidelik uit die uiteensetting op die vorige bladsy dat maatskappye soos Apple, Amazon en Microsoft tradisionele toonaangewende maatskappye wat fisiese dinge bou, uitgeskuif het.

Tegnologie gebruik konnektiwiteit, netwerkeffekte, nagebootste intelligensie en ongekende skaal om globale platforms te skep waarmee dit amper onmoontlik is om te kompeteer.

## VERSNELDE TEGNOLOGIESE VORDERING

Wanneer dit by tegnologiese vordering kom, is die tempo van verandering besig om meer en meer te versnel. Elke jaar bring meer omvattende nuwe tegnologiese vordering as die vorige jaar en sodra die eksponensiële "hokkiestok" inskop, sal innovering teen 'n ongelooflik pas versnel.

➤ 9



# Senwes 110
## Die eerste 50 jaar

**Senwes vier 110 jaar in 2019 en wil graag op die hoogtepunte van die vroeër jare fokus, naamlik die eerste 50 jaar, vanaf die stigting in 1909 tot 1959.**

## 1909

**MAART-APRIL 1909**
'n Groep van 24 boere kom bymekaar om die idee van 'n koöperasie in die voormalige Wes-Transvaal te bespreek. 'n Voorlopige stigtingsverklaring is opgestel. Onwetend was dit die begin van die stigting van die grootste landboukoöperasie ooit in Suid-Afrika en die Suidelike Halfrond (tot 1996).

**15 MEI 1909**
Die behoefte vir 'n koöperasie is bevestig by 'n groter amptelike vergadering by die Aandelebeurs in Klerksdorp. "De Centraal Westelijke Co-operatieve Landouw Vereniging" is toe gestig.

**1 JUNE 1909**
William Campbell is by die eerste raadsvergadering verkies as voorsitter van "De Centraal Westelijke Co-operatieve Landouw Vereniging".

## 1929-1930

Sentraalwes verkoop brandstof aan sy lede.




## 1931

Die totale graanoes wat deur Sentraalwes ingeneem is, beloop vir die eerste keer in die geskiedenis van die koöperasie, een miljoen sakke.

## 1936

**21 APRIL 1936**
Senwes word as "Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy" by die Departement van Landbou (Unie van Suid-Afrika) geregistreer. Daar word algemeen na verwys as "Sentraalwes" en soms ook "Senwesko".

## 1946

**16 APRIL 1946**
Die hoeksteen van die nuwe hoofkantoor is in Corrie de Kockstraat gelê. Die nuwe kantore is gefinaliseer en op 12 April 1947 ingewy. JJ Adams, Ondersekretaris van Landbou en Registrateur van Koöperatiewe Maatskappye, het die nuwe hoofkantoor amptelik geopen.

**JULIE 1946**
Die eerste maandelikse publikasie, *Senwesko*, Vol 1 (1), word gepubliseer. Dit het egter binne 'n paar maande tot 'n einde gekom. Die *Senwester* het in Junie 1956 as 'n tweede probeerslag gevolg.

## 1947

Die hantering van grondbone as nuwe produksielyn begin. Teen 1949 verkoop Senwes ook voer en eetbare olies.

## 1950

Senwes is 'n stigter van Sentraboer (Koöperatief) Beperk, wat gestig is vir die versekering van die bates en oeste van sy lede.

## 1951


Saadverwerking begin as bykomende diens vir lede.

## 1956

**2 FEBRUARIE 1956**
Senwes registreer sy aktiwiteite in die voormalige Suidwes-Afrika (nou Namibië), ooreenkomstig die Ordonnasie op Koöperatiewe Verenigings 1946 (Nr. 15 van 1946) as 'n koöperatiewe maatskappy met beperkte aanspreeklikheid.

Senwes het waarskynlik die koöperatiewe maatskappy se eerste logo in hierdie jaar geloods en begin gebruik. S

Bron: *Tyd kweek wenners Senwes - 'n Eeu van landbou deur* Elize S van Eeden



## INTERESSANTE FEITE:


Things that sound crazy could happen sooner than we think: disease eradication, nanobots, mind/machine interfaces, etc.

Renowned futurist Ray Kurzweil predicts the technological singularity to occur by 2045

Past this point, tech would advance so fast that it's impossible to fathom what would happen

◀ 07 | Die skuif na landboutegnologie

Dit is interessant dat daar ’n addisionele gevolg van versnelde verandering is wat meer van toepassing is op die besigheids- en ekonomiese wêreld. Dit is nie net die spoed van verandering wat versnel nie, maar om verskeie redes is markte in staat om vinniger aan te pas by nuwe tegnologie:




Nuwe produkte genereer miljoene gebruikers binne slegs ’n paar maande en die speletjie Pokémon Go dien hier as interessante voorbeeld van hierdie potensiaal. Die speletjie het die 50 miljoen gebruikermerk binne slegs 19 dae behaal, wat ’n oogknip is in vergelyking met voertuie (62 jaar), die telefon (50 jaar) of kredietkaarte (28 jaar).

Nuwe tegnologie word teen ’n toenemend vinniger pas versnel - en word teen rekordspoed deur die markte aanvaar. Dit is dus veilig om te sê dat die toekoms ons teen ’n verblindende spoed nader.

### LANDBOU EN TEGNOLOGIE = AGTECH

Die interessante vraag is wat hierdie geweldige vordering vir landbou beteken.

Om die beste van ’n boerderybesigheid te maak was altyd ’n uitdaging, maar hedendaagse boere staar omstandighede in die gesig wat ’n nuwe vlak van moeite en besorgdheid vir hul besigheid dikteer, soos veranderende weerpatrone en die beskikbaarheid van bewerkbare grond.

Soos wat uitdagings moeiliker raak, trek boere voordeel uit tegnologiese vordering ten einde boerdery-aktiwiteite te optimaliseer. Deere was nog altyd in ’n noue vennootskap met die boer om die gebruik van tegnologie op die plaas te bevorder en oor tyd het dit duidelik geword dat klante toenemend meer insig moet verkry ten einde hul behoeftes aan te spreek.

Baie partye buite die sfeer van boerdery is moontlik nie bewus daarvan dat Deere al vir baie jare in toonaangewende tegnologie belê nie. “Outomatisering, nagebootste intelligensie en opleiding op masjinerie is ’n paar belangrike tegnologies aspekte waarop ons fokus ten einde ’n ontwikkelende en meer effektiewe plaas te bou”. Dit is volgens John Stone: Senior Visepresident van John Deere.

John Deere en sy netwerk van agente, soos Senwes, streef daarna om toonaangewende tegnologie te gebruik vir die oplossing van probleme en om geleenthede te skep om te verseker dat hul klante die mees winsgewende en volhoubare produsente in die wêreld sal wees.

Ons beweeg van groter, vinniger en sterker masjiene na oplossings wat meer geoutomatiseerd, makliker en meer noukeurig is. Ons bewys ook dat die stelling van “Nothing Runs Like a Deere,” uitgebrei kan word na “Nothing Thinks Like a Deere”.

### VERWYSINGS:

The 8 Major Forces Shaping the Future of the Global Economy
https://www.visualcapitalist.com/the-8-major-forces-shaping-the-future-of-the-global-economy/

John Stone: Driving Digital Farming at Deere
https://www.cta.tech/News/i3/Articles/2018/November-December/John-Stone-Driving-Digital-Farming-at-Deere.aspx?sf97323769=1. S

# Agbiz Vooruitskouing 2019 – Wees gereed!

**As ons enigiets geleer het by die Agbiz Vooruitskouing 2019, is dit dat ons reg moet wees vir enigiets, volgens Agbiz HUB John Purchase, toe hy gepraat het oor die vooruitskouing vir 2019 en verder.**

**Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Hy het genoem dat "dinge beslis aan die verander is, maar wat die uiteinde daarvan gaan wees, weet ons nie." Hy het na China en die VSA verwys en hoe alles van hier af sal ontwikkel. Dit is duidelik dat China en Rusland 'n impak wil maak op lande soos Engeland en Japan en begin hul stempel al hoe meer afdruk in Afrika.

Godsdienstige fundamentaliste is steeds 'n probleem in veral Afrika, selfs in Suid-Afrika en in Noord-Mosambiek. Hierdie aspekte "versteur goeie orde". 'n Ander kwessie wat aangespreek moet word is Brexit en die EU en die onsekerhede daar rondom: "Engeland se BBP sal daal, daar is geen twyfel daaroor nie. Dit skep egter sekere geleenthede vir Suid-Afrika en die landbousektor." Aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan is daar weer "die Amerikaanse President Donald Trump se dinamika - die manier waarop hy besigheid doen en sy pligte uitvoer is beslis anders.

Hy het basies die reëlboek herskryf." Daar is groot onsekerheid regoor die wêreld en Suid-Afrika is in der waarheid een van die lande met meer sekerheid. Sy raad is om 'n meer voorspelbare omgewing te skep.



Agbiz HUB, Dr John Purchase, het die Orde van Landboumeriete (Mérite Agricole) van die Franse Ambassadeur, Christophe Farnaud, op 5 Desember 2018 ontvang. Die Orde van Landboumeriete word deur die Franse Republiek toegeken vir uitstaande bydraes tot landbou.Hy het Purchase bedank vir die uitstaande diens wat hy lewer en die feit dat hy homself onderskei het as 'n leier op sy gebied.

**DIE INTERNET VAN DINGE (IOT)**

"Die internet dryf steeds globalisering en dit gaan nie verander nie." Een ding wat wêreldwyd verander is grootskaalse migrasie en die humanitêre rampe wat dit kan meebring. Dit sal 'n impak hê op landbou en die voedselstelsel. Daarbenewens lyk die statistiek met betrekking tot omgewingsvolhoubaarheid nie goed nie en ons is beslis nie besig om die omgewing en aardverwarming te verbeter nie. "Ons ervaar veranderende weerpatrone in Suid-Afrika en dit sal 'n impak op landbou hê, daarvan kan jy seker wees."

**WÊRELDBEVOLKING**

36% van die wêreld se bevolking is in Indië en China. Afrika sal die 1 miljard bevolkingsyfer in 2050 bereik. "Die punt is, ons sal stelsels in plek moet kry om voedsel aan mense te verskaf, anders gaan ons 'n slegte nalatenskap in Afrika los." Die totale dinamika kan 'n massiewe geleentheid of 'n massiewe risiko wees.

**POLITIEK**

"Jy kan nie politiek en die ekonomie skei nie." Die ANC is steeds in beroering en die DA en EFF is nie meer lewensvatbare koalisies nie en ondervind hul eie probleme. Skattings met betrekking tot die 2019 nasionale verkiesing is dat die ANC slegs 55% van die stemme sal kry, die DA sal in die 22-23% omgewing bly en die EFF sal 'n groot aantal stemme wen (16%), maar dit kan nader aan die verkiesing verander.

Politieke onsekerheid is nie goed vir die ekonomie nie, aangesien dit beleggers ontmoedig. Een belangrike feit is dat die BBP in randterme die effek daarvan verbloem. Tydens die Zuma administrasie, het die BBP vanaf $8 000 tot $5 200 per capita verlaag. Dit beteken dat Suid-Afrikaners meer as 25% armer is - "Die grootste impak is op die armes. Dit is 'n nagmerrie, maar ons moet dit nou verander." Die staatskas is onder druk en dit is 'n stryd om salarisse by openbaredienstemaatskappye te betaal en staatsbeheerde ondernemings te befonds. Die effek van die fiskale besteding en die BTW begrotingsbalans, beloop 'n volle een persent tekort ten opsigte van die begrotings vir die volgende vier jaar - "So, Suid-Afrika betaal meer om sy skuld te diens, maar ons het nie werklik 'n keuse as om voort te gaan om die bevolking te dien nie."

Hy het daarmee afgesluit dat genoeg nou genoeg is. Ons moet die regering sover kry om regulatoriese funksies uit te voer en om proaktief te wees om die ekonomie aan die gang te kry en beleggings te bevorder. S





# Breek **steeds** nuwe grond

Met **110 jaar** se agri-ondervinding bied Senwes Credit 'n reeks finansiële oplossings vir kliënte. Met 'n trotse nalatenskap van standvastigheid, betroubaarheid en innovering, ontwerp ons die beste oplossings vir kliënte.

Senwes credit

Agri rewards

www.senwes.co.za

# Die hart van Hartbeesfontein




## Veiligheid is die wagwoord

**Elke dorp of stad het 'n hartklop, en by Hartbeesfontein is een van die polsende kloppe verseker Hartbeesfontein Veiligheid.**

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur



*André Roux in die beheerkamer, waar sewe skerms die omgewing in 'n 40km radius fynkam.*

Dit kom jy dadelik agter in die ingerigte beheerkamer, wat my paraat inwag nadat hulle my seer sekerlik van die R507 en R503 gewaar het, soos per ons afspraak op die betrokke dag.

Die voorsitter van die Hartbeesfontein Landbouvereniging, Jaco Maré, vertel dat hulle altyd veiligheid hoog op die agenda plaas. Met die kommando's se sluiting in 2005 het die bevelsgroep, John Lemmer, Frik Lemmer, Jaco Maré, André Kilian, Jan Meiring en Carlos da Silva oorgegaan na die 'Hartbeesfontein veiligheidsgroep.

Een van die belangrikste kopskuiwe was om daarna by een van die veiligheidsleiers, Smithfield Boerevereniging, te gaan kers opsteek, waarna hulle besluit het om hulle beheerkamer te vestig. Dit is opgevolg in 2016 met seintorings wat op strategiese plekke geplaas is. Die eerste sewe was in fase een in 2016, vinnig gevolg deur nog sewe in fase twee en na fase drie was daar 22. Sestien van die torings word van direkte krag voorsien met ses wat met sonpanele en batterye toegerus is.

### KAMERAS EN SEINTORINGS

Van die 22 kameras en seintorings is selfs bo-op Senwes silo's gemonteer, naamlik Werda Silo, Melliodora Silo asook Hartbeesfontein Silo. Kameras is selfs op ses produsente se plase geplaas op reeds bestaande torings en hulle bedank almal vir die goedgunstigheid.

### DOEL IN AKSIE

Wanneer hulle tot aksie oorgaan, is die doel van die veiligheidspan om noodhulp toe te pas indien nodig, die gebied af te sper en te beveilig. Hulle is daar om plaasaanvalle, rooftogte en diefstal te hanteer en te bekamp asook om bystand vir die polisiediens te verskaf binne die perke van die wet. Raad wat Jaco het, is om gebeurlikheidsplanne in werking te stel asook om goeie en effektiewe samewerking met die SAPD, buurtwagte, ensovoorts te hê. Hulle het ook gereelde strategiese sessies en padblokkades om sigbaar te wees, is in gesprek met die VIS en met Noordwes Agri en Agri SA, wat hulle nog altyd goedgesind is.

### KOSTE EN PERSONEEL

So 'n stelsel kan etlike duisende of miljoene kos met duisende rande se maandelikse koste. Hoewel daar baie skenkings is, moet baie koste self gedra word.

Hartbeesfontein Veiligheid het vyf per-




*Voorsitter van Hartbeesfontein Landbouvereniging, Jaco Maré (regs), by een van die beheerkamerpersoneellede, Chris Ludick. In die agtergrond is die Hartbeesfontein Silo, wat een van drie Senwes silo's is wat ingespan word om die gebied te beveilig.*

soneellede wat in diens is en 8-uurliks skofte ruil. Binne die toegeruste beheerkamer is daar sewe skerms waarmee die gebied beveilig word. Een van die beheerkamerpersoneellede, André Roux, het selfs 'n toepassing ontwerp waar 'n verdagte voertuig se model, kleur en registrasienommer ingesleutel word - die stelsel soek dan deur die databasis van vorige gevalle en kan daar gouer en meer effektief opgetree word.

**WAARDETOEVOEGING**

Die bykomende waarde van so 'n veiligheidsisteem is dat veldbrande beter en gouer gesien kan word en onluste kan meer effektief hanteer word. Om meer effektief te wees, is dit belangrik om nooit te stagneer nie. Brei uit, gradeer jou sisteme op sodat jy altyd relevant bly. Enkele voorbeelde is beter geboue, meer gebruikersvriendelike sisteme vir operateurs, strategiese plekke en beter kameras. Herbesoek jou sisteem gereeld. Die laaste raad is dat daar ook goeie samewerking met omliggende buurdorpe in moet wees. In hulle geval is die Noordwes dorpe Coligny, Ventersdorp, Ottosdal en Wolmaransstad krities om te weet watter ongewenste elemente jou gebied kan binnedring en om so misdaad te voorkom.

**NOG VOORBEELDE**

Hoewel Hartbeesfontein Veiligheid een van die beste daarbuite is, is hulle verseker nie die enigste nie. Na 'n gesprek met Agri SA en AgriSecuritas, is bevind dat daar baie ander boereverenigings landswyd is met uitstekende aksies om veiligheid binne hul landbou- en die gemeenskap te verbeter, soos die Albany Bathurst Distrikslandbou-Unie in die Oos-Kaap, Smithfield en Vierfontein in die Vrysaat, Agri Kiepersol in Mpumalanga asook Potgietersrus Landbou om net 'n paar op te noem. So, beveilig jou area en landbou-omgewing deur die leiers in die bedryf te kontak - "Dit is een van die beste beleggings wat jy kan maak," om Jaco direk aan te haal. En sonder twyfel weet die joernalis verseker dat hy weer gewaar is tot hy buite die radius van 40km om Hartbeesfontein is.

Vir meer inligting kan Jaco Maré by 082 388 4294 of Basie Terre-Blanche 082 768 2558 geskakel word. S



# Hinterland wenner nou ook wêreldkampioen

**Deur Phillip Lee**
Hinterland Bestuurder: Diereproduksiedienste

Enige kompetisie se geloofwaardigheid is gesetel in sy vermoë om geloofwaardige wenners aan te wys, want 'n kompetisie word deur sy wenners gedefinieer. Wanneer 'n kompetisie se wenners dus verdere hoër loure inoes, dan bevestig dit die vermoë van die kompetisie om die regte wenners aan te wys. Dit is presies wat nou met die wêreldskou gebeur het: Die Hinterland Nasionale Interras wenners wat by ALFA 2018 die onderskeie skoue waar hulle kampioenskappe gewen het, verteenwoordig het, het nou ook as verteenwoordigers van hul onderskeie rasse, internasionale wenners geword! Dit verifieer die beoordeling by ALFA en die manier waarop die finaliste genomineer word, soos geen ander proses dit sou kon doen nie, en bevestig net weereens dat Suid-Afrika van die beste stoettelers in die wêreld het.

Die kompetisie het sy ontstaan in 2012 gehad, en vanjaar was daar nagenoeg 1 000 inskrywings uit 77 lande bestaande uit 16 rasse. Die Suid-Afrikaanse vlag is hoog gedra ten opsigte van 'n hele aantal rasse met die hoogtepunt waar die Hinterland Nasionale Interras kampioenbul, ACE BR 140016, gekroon is as die wêreldkampioen Santa Gertrudis bul. ACE is vertoon deur die Santa-Rey Santa Gertrudis stoet van Raymund de Villiers van Sannieshof (Lees die artikel oor Raymund in die vorige uitgawe van die *Senwes Scenario*). Nog 'n hoogtepunt het gekom by die Simmentalers waar die Hinterland Nasionale Interras kampioenkoei weggestap het met die "Miss World Silver" medalje. Ierland het met die louere weggestap. Die top koei, Dipsie PJO 12-65, is die eiendom van die ChrisMar Familietrust se Taaibosspuit Simmentaler stoet in die Lichtenburg gebied.

Hierdie uitslae is goeie nuus vir die plaaslike stoetbedryf, deurdat beide die Hinterland Nasionale Kampioen manlike en vroulike diere topplasings ontvang het. Dit is 'n getuigskrif vir stoetteling in Suid-Afrika. S




# Die gebruik van GROEIBEVORDERAARS in voerkraalbeeste

## Wat is die voordele en risiko's betrokke

**Die winsgewendheid van 'n voerkraal word grootliks deur die produktiwiteit van beesproduksie bepaal. Dit kan uiteindelik na die hele voerkraalbedryf deurgetrek word, wat ook deurentyd met 'n persepsuele omgewingsimpak van die publiek gekonfronteer word.**

■ **Deur dr Kobus Swart**
Dierevoedingskundige

Die koste van 'n kalf en die voer wat nodig is om hierdie kalf af te rond, is die grootste variërende uitgawes van 'n voerkraal. Hierdie koste is ook eksterne pryse waaroor die voerkraal geen beheer het nie en dus tot betekenisvolle risiko bydra. Om onder hierdie omstandighede te oorleef, moet ingeligte en noulettende besluite geneem word en selfs 'n 'kopskuif' toegepas word.

Groeibevorderaars is 'n voorbeeld van metaboliese tegnologie of verfynde middels wat deur voerkrale en ander diereproduksiestelsels wêreldwyd gebruik word om meer vleis, in korter periodes, met minder voer te produseer, terwyl hoë standaarde van dieregesondheid, karkaskwaliteit en voedselveiligheid gehandhaaf word. Die drie produkte wat goedgekeur is om in die voerkraalbedryf te gebruik, is antimikrobe middels in die vorm van ionophore, hormonale implantate en beta-adrenergiese agoniste.

### WAT IS DIE VOORDELE VAN METABOLIESE TEGNOLOGIE

Die beste manier om die voordeel van 'n groeibevorderaar te meet, is die gemiddelde daaglikse groei van lewendemassatoename (GDT) oor 'n periode en die effektiwiteit waarmee voer na lewende massa omgesit word (VOV). Die omstandighede en kwaliteit van voer moet in beide van hierdie metings gespesifiseer en vergelykbaar wees. Ionofore, implantate en beta-agoniste verbeter die GDT met onderskeidelik 3%, 16% en 16% terwyl dieselfde produkte die VOV met onderskeidelk 4%, 10% en 14% verbeter.

Die produksiekoste sou ten minste 10% meer gewees het indien 'n produsent sou besluit om nie ionophore, implantate of beta-agoniste te gebruik nie of indien dit nie gebruik mag word nie. Dit word bereken dat die voordeel van die bevorderaars die voerkraalbedryf in staat stel om met 20% minder diere soveel as 10% meer vleis te produseer. Sonder groeibevorderaars sal 10% meer diere, 10%



**Tabel 1**

| Hoeveelheid | Bron | Nanogram estrogen |
|---|---|---|
| 75g | Vleis sonder enige hormoonbehandeling | 1.30 |
| 75g | Vleis met hormoonbehandeling | 2.00 |
| 350ml | Bier | 15.00 |
| 75g | Rou ertjies | 500.00 |
| 75g | Rou kool | 3,000.00 |
| 1 pil | Geboortebeperking | 35,000.00 |
| Per dag | Volwasse man | 136,000.00 |
| Per dag | Volwasse vrou | 480,000.00 |
| per dag | Swanger vrou | 3,415,000.00 |

Source: T Lawrence, Ph.D 2012 West Texas A&M University / H Ritchie; Michigan State University

meer grond, 10% meer voer, 7% meer brandstof en 7% meer kunsmis nodig wees om dieselfde massa beeskarkas te produseer.

**WAT IS IONOFORE?**

Ionofore is 'n chemiese bestandeel wat deur gespesialiseerde mikro-organismes geproduseer word en as 'n selektiewe antimikrobe-agent optree wat deur die voer ingeneem word. Ionofore word nie as terapeutiese antibiotika aangewend nie, maar is wel effektief en as 'n antikoksidiostaat geregistreer. As 'n groeibevorderaar inhibeer ionophore grampositiewe bakterieë en stimuleer die groei van gramnegatiewe bakterieë. Die resultaat hiervan is dat meer propionsuur in die rumen as voorloper vir glukose, wat spiergroei stimuleer, in die dier se liggaam geproduseer word. Terselfdertyd word minder metaangas, wat energie bevat, in die rumen geproduseer en minder energie gaan dus verlore. Ionophore word dikwels verkeerdelik saam met ander antibiotikaprodukte bespreek wat in praktyke vir diereproduksie gebruik word. Die onnadenkende gebruik van antibiotika-molekules wat ook in menslike produkte gebruik word, kan wel tot weerstand van bakterieë teen dieselfde antibiotika in die mens, aanleiding gee. Ionofore word nie in menslike medisyne gebruik nie en dit het ook nie dieselfde reaksiewyse as ander antibiotikaprodukte nie en veroorsaak nie geassoieerde weerstand in mense nie.

**WAT IS HORMONALE GROEI-IMPLANTATE?**

Die hormone wat in diereproduksie gebruik word, verhoog die reproduktiewe hormone, soos estrogeen en testosteroon, wat natuurlik in die liggaam geproduseer word. Hierdie hormone word sedert 1975 reeds vir diereproduksie gebruik. In manlike diere vervang hierdie produkte gedeeltelik die hormone wat met kastrasie verwyder is. Groei-implantate stimuleer proteïenneerlegging en inhibeer vetneerlegging. Hierdie proses verbeter beide GDT en VOV aangesien vetneerlegging meer as twee keer die energie benodig om dieselfde massa proteïen neer te lê.

Die hormone in groei-implantate kan met veiligheid, sonder enige nagevolge vir mens en dier vir diereproduksie gebruik word. Die residuvlakke wat in beesvleis gevind word, is te laag om enige nagevolge of risiko vir die mens in te hou. Om beter insig op hierdie stelling te kry, moet die estrogeenvlakke wat natuurlik in plante, mense en diere voorkom, beskou word. **Tabel 1** toon dat 'n persoon soveel as 3 miljoen hamburgers wat van beesvleis met groei-implantate gemaak is, moet eet om soveel estrogeen in te kry as wat 'n gemiddelde vrou daagliks produseer.

Implantate wat testosteroon bevat, is soortgelyk. Daar is 'n veiligheidsfaktor van 'n paar duisendvoudig ingebou met die veronderstelling dat 'n persoon soveel as 6 tot 7 porsies beesvleis per dag sal inneem.

**WAT IS BETA ADRENERGIESE AGONISTE?**

Hierdie produkte is die nuutste klas van groeibevorderaars wat sedert 2004 in die handel beskikbaar is. Hierdie klas van

➤16



◄ 15 I Die gebruik van groeibevorderaars in voerkraalbeeste


byvoegsel is soortgelyk aan molekules wat natuurlik in die liggaam voorkom, naamlik katekolemines. Dit is nie anti-mikrobies of 'n hormonale aanvulling nie. Gewone asmamedikasie is ook beta-agoniste. Die naam beskryf wat die produk se funksie is. Adrenergies verwys na adrenalien en agonis (teenoorgestelde van antagonis) wat saamwerk. Die beta verwys na die spesifieke reseptor wat adrenalien op die spiersel bind. Adrenalien verander die vloei van bloed vanaf die ingewande na die spiere gedurende die tipiese 'veg of vlug' reaksie. Soortgelyk, verander beta-agoniste die vloei van voedingstowwe na die spiere en weg van die ingewande en vetneerlegging sodat meer groei kan plaasvind.

Beta-agoniste verminder proteïenomset deur proteïenneerlegging te verhoog en spierafbreek te verlaag. Dit lei tot 'n toename in soiergroei en afname in vetneerlegging. Beta-agoniste word aan die einde van die voerperiode toegedien wanneer spiergroei afneem, vetneerlegging toeneem en VOV swakker word.

'n Persoon moet 180 porsies vleis of 30 porsies lewer van beesvleis wat beta-agoniste ontvang het, inneem om dieselfde effek as een toediening asmamedikasie te kry.

## IS GROEIBEVORDERAARS IN BEESPRODUKSIE NODIG?

Om hierdie vraag te beantwoord, is daar 'n maklike en 'n meer ingewikkelde antwoord wat ook 'n 'kopskuif' noodsaaklik maak. Die eenvoudige antwoord is om saam met die aandrang van aktiviste te stem wat van enige vreemde, nuwe en daarom onnatuurlike produk ontslae wil raak. Hulle verkondig gewoonlik 'n siening van die algemene publiek wat wetenskaplik onkundig is en inderdaad 'n behoefte aan veilige voedsel het. Hierdie persone het gewoonlik nie 'n begrip van die konteks, wetenskaplike inligting en veilige grense wat vir die gebruik van 'n produk nodig is nie - in hierdie geval beesvleis. Vir hierdie rede is dit vir elke beesvleisprodusent nodig om met die konteks en wetenskaplike inligting van nuwe tegnologie vertroud te wees.



Deur geen groeibevorderaars te gebruik nie, sal diere wel oorleef en ook gesond wees. Beesvleis sal ook geproduseer kan word maar betekenisvol minder produktief, tot die mate dat die beskikbaarheid sal afneem en/of die prys van beesvleis sodanig styg dat dit nie vir die gewone man op straat beskostigbaar is nie. 'n 'Kopskuif' is nodig om die beesbedryf toe te laat om nuwe tegnologie steeds te gebruik om die verbruiker van veilige, hoë kwakiteit produkte te midde van stygende voer en grondpryse te voorsien. Dit moet ook gedoen word deur die omgewingsimpak te verlaag. Soos met enige verfynde tegnologie, sal groeibevorderaars met verantwoordelikheid en omsigtigheid, maar ook met selfvertroue en vrymoedigheid toegepas moet word om die voordele daarvan te benut. S

Quality Poultry **Drinkers**




See our wide range of products at www.poltek.co.za

POLTEK®
LEADERS IN PLASTIC POULTRY TECHNOLOGY

Tel: 0861 POLTEK (765835), 011 865 2038/9 I Fax: 011 865 1722 I e-mail: quotes@poltek.co.za I e-mail: sales@poltek.co.za
POLTEK®/Custom Moulders® and the POLTEK® logo are all registered trademarks of Custom Moulders®. E&OE
SS20773/QD




PANNAR se geelmielies lewer uitsonderlike prestasie en is 'n goeie keuse vir droëland en besproeiing. Die verskeidenheid groeiklasse en eienskappe bied uitstekende basterkombinasies vir u unieke behoeftes.

**ONS GEELMIELIEBASTERS**

| Groeiseisoenklas | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ultravinnig | | Vinnig | Medium-vinnig | Medium |
| BG 3292<br>BG 3492B<br>BG 3592R<br>BG 3792BR | PAN 3A-124<br>PAN 3R-524R<br>PAN 3R-724BR<br>PAN 3R-586R<br>PAN 3R-786BR<br>PAN 3R-500R<br>PAN 3R-700BR | PAN 4A-156<br>PAN 4A-172<br>PAN 4R-672R<br>PAN 4R-728BR | PAN 5A-154<br>PAN 5R-554R<br>PAN 5A-182<br>PAN 5A-190<br>PAN 5R-590R | PAN 6B-410B<br>PAN 6R-680R<br>PAN 6R-710BR |

*Die ultravinnige pakket is versterk met drie nuwe uitsonderlike genetiese platforms, naamlik PAN 3R-724BR, PAN 3R-786BR en PAN 3R-700BR, wat 'n aansienlike opbrengsverhoging onder besproeiing en hoëpotensiaal-droëlandtoestande bied. Die vinnige tot medium-groeiklasse word met die opwindende PAN 5A-182, PAN 4R-672R en PAN 6R-710BR platforms versterk.*

® Registered trademarks of PANNAR SEED (PTY) LTD
© 2019 PANNAR SEED (PTY) LTD

2019/YMAIZE/A/03

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com



# Watter faktore gee aanleiding tot marginalisering van grond?

**Met die skryf van hierdie artikel, 7 Januarie 2019, het die gebrek aan reënval asook versengende hitte gewasaanplantings ernstig in die wiele gery. Natuurlike weiding is erg beskadig en gaan lank vat om te herstel. Die omvang van dié scenario is heelwat erger as die vorige droogtes. Finansiële uitdagings vir produsente is hul maandelikse lopende uitgawes en finansieringsverpligtinge.**

■ **By Petrus van Staden**
Senwes Senior Agronoom,
**Ian Bothma**
SGS: Areabestuurder, Vrystaat en Noord-Kaap
**& Boet van Zyl**
Senwes Senior Landboukundige Ekonoom

Die groter prentjie is dat tyd nie stilstaan nie, en dat die langtermyn gemiddelde reënval gedurende Februarie tot April steeds moontlikhede bied. Die uitstaande kenmerk van "boere" is dat hulle nie 'n tekort aan planne het nie.

Die kernbesigheid is 'n produsent wat komende seisoen (2019/20) weer in volle produksie wil wees. Enige plantaksie sou absoluut beperk word tot:

- Finansiële oorlewing indien daar geen ander uitweg is nie,
- Die maak van kos vir diere,
- Om waaiskade in die lente te beperk
- Voorbereiding vir plant van mielies. Op lande wat verlede seisoen voorplantkunsmis ontvang het, maar nie geplant is nie, kan die chemiese status gekontroleer word.

**KOPSKUIF-SEISOEN**

Die droogte dwing produsente om emosie en sentiment binne die besluitnemingsproses tot 'n absolute minimum te beperk.

Die klimaat en reënval se onstabiliteit vereis dat daar opnuut na die effek van aardverwarming gekyk moet word en elke produsent sal hom-/haarself deeglik moet vergewis van die potensiële impak op sy/haar boerderystelsel. Die finansiële impak daarvan vereis daadwerklike optrede. "...jou onderneming moet voortdurend aanpas om ekonomies te oorleef en mededingend te bly. Stagnasie is nie 'n opsie nie..." (Dr. Johan Willemse, LWB 4-11 Januarie 2019).

### Wat kan die produsent doen om volhoubaar te produseer in hierdie moeilike produksie- en ekonomiese toestande?

- Daar bestaan nie kitsoplossings nie, elke produsent se omstandighede is uniek.
- Fokus op die aspekte waaroor jy in jou onderneming (hulpbronsamestelling, produksiekoste) beheer het.
- Evalueer elke faset van die boerdery.
- Ontleed besigheids- sowel as finansiële risiko's.
- Optimaliseer produksiefaktore (grond, kapitaal, arbeid, bestuur, onderhandelingsvaardighede) –




diagnostiese boerderyontleding.

- Moet nie kortpaaie in produksie probeer neem nie.
- Verlaag die koste per eenheid deur te kyk na alternatiewe stelsels.
- Konsolidasie van skuld volgens meriete.
- Verkoop surplus kapitaal items waar ekonomies regverdigbaar.
- Geen nuwe kapitaalbesteding waar los geld nie beskikbaar is nie.
- Aanplanting van graan op beste gronde, wat risiko beperk.
- Raak 'n beter prysbestuurder. (Vermy vastepryskontrakte waar lewering verpligtend is in droogtejare waar sekerheid van oes nie bestaan nie).

### Watter faktore het 'n invloed op marges wat aanvaarbaar is vir volhoubare produksie?

- Produksie/opbrengs in t/ha of kg vleis/ha wat grootliks gekoppel is aan klimaat, waaroor jy geen beheer het nie
- Die vraag kan gevra word of die hulpbron steeds voldoende is om die gewenste marge te realiseer met die heersende klimaat.
- Het reënvalpatrone verander, en is dit die rede dat die vertakking wat my pa en oupa mee geboer het, nie meer winsgewend mee geboer kan word nie?
- Moet ek meer kapitaal in masjinerie en werktuie belê weens 'n korter vensterperiode?
- Insetkostestygings
- Kommoditeitspryse
- Kosteknyptang
- Is my boerdery gerat vir presisiepraktyke om die veranderende produksieomgewing tot my voordeel aan te wend?

Hierdie is maar 'n inleidende artikel en daar sal gepoog word om deur die loop van die jaar deegliker ondersoek te doen na bogenoemde faktore om met verloop van tyd volhoubaar te kan produseer. S




www.sensako.co.za

Sensako has 60 years of experience and breeding excellence for the South African market. Sensako has been at the forefront of seed research and delivering continual improvements in seed performance.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313, Langebaan +27 (22) 772 1611

SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics




Barend van Staden met Magic, die bul met wie hy die titel van 2018 Hinterland Nasionale Touleier van die Jaar @ALFA ingepalm het.

# Barend van Staden
# Touleier van formaat

**'n Touleier? mag die gewone ou vra. Wel, dit is die persoon met letterlik en figuurlik die leisels in sy hande wanneer dit by die beoordeling van bulle en koeie by beesskoue kom. Ons ontmoet vir Barend van Staden, die nuwe 2018 Hinterland Nasionale Touleier van die Jaar @ ALFA. 'n Titel wat hy by die ALFA Ekspo in Parys ingepalm het en hopelik in 2019 kan gaan verdedig.**

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Anders as meeste ander touleiers wat al vir jare in die bedryf is, is Barend egter 'n nuweling en het eers sedert 2017 sy vernuf in dié arena begin toon nadat sy werkgewer, die Brahman-stoetteler Willie Jacobs van die plaas Rietfontein tussen Rustenburg en Swartruggens, hom die geleentheid van sy lewe gegee het. Die Sannieshofgebore Barend het baie respek vir Willie en beskryf hom as sy pa: "Ek dink die Here het hom verseker by my lewe gestuur en ek beskou hom as my pa." Soveel so dat hy ook verstaan as Willie met hom raas as hy wel fouteer. "Want hy probeer my net in die proses verbeter en ek móét my kant bring."

Vir die wat gereeld landbouskoue bywoon, breek Barend werklik die grense van sy verantwoordelikhede. Inaggenome dat hy die trokdrywer vir Willie was wat die diere rondgekarwei het. Maar hy het ingeklim en allerhande take begin verrig. Die krale skoongemaak, die diere gevoer en ook so die pligte van touleier aangeleer.

Die dag toe hy die 2018 Hinterland Nasionale Touleier van die Jaar @ ALFA ingepalm het, beskou hy as die heel grootste dag van sy lewe en om dit alles te kroon, het hy nie eens elke keer geweet dat hy beoordeel word nie. Want tydens die geleentheid is hy nie net in die ring beoordeel nie, maar ook hoe hy vir die diere versorg en hoe hy hulle hanteer. En sy oomblik was groot nadat hy omtrent met 'n groter applous as die Nasionale Bul- en Koeikampioene begroet is.

Maar hy gaan nie op sy louere rus nie. Hy het immers 'n passie vir diere en beskou dit as 'n liefdestaak – "Ek is lief vir daai diere." Hy praat ook met hulle, soos hy spottenderwys verwys dat hulle Afrikaans praat. Hy is baie ferm, maar gee die beeste ook ruimte om hulle beste… hoef voor te sit sodat die beoordelaars hulle beste eienskappe kan besigtig. Hy raas en skree nie op hulle nie en volgens Willie het Barend verseker 'n aanvoeling hiervoor. En wat beplan hy vir 2019? Wel, hy het 'n mak span geërf en sal die nuwes moet inbreek en sy staal so moet wys.

**Punte waarop hulle beoordeel word:**
Algehele netheid soos kleredrag en skoene word hoog op prys gestel. Dan moet daar 'n konneksie tussen die touleier en die dier wees. Kontak met die ringleier is krities en die diere moet veral sy nie-verbale kommunikasie verstaan. Aanbieding van die dier aan die beoordelaars, soos om sy kop op te lig en na sy voetplasing te kyk, is belangrik. S

## PROTECT YOUR INVESTMENT AND PRODUCTIVITY

# Diagnostic Maintenance Plan



## ADVANTAGES

1. The inspections can be done throughout the year.
2. Less downtime for the client in season.
3. Inspections are done by a qualified John Deere technician.
4. Inspections can be done on the farm.
5. Breakdowns in season will be less.
6. A good proactive plan can be scheduled for inspections.
7. Parts can be delivered in time for the machines.
8. New and used equipment can be inspected.
9. The inspection programme will benefit all the machines of the client.
10. Positive effect on the value of the machines.

CALL: ☎ 018 464 7796

Senwes equipment

# Brahmane is **Willie Jacobs** se kos

**Ons lewe in 'n baie vinnige era waar dinge binne 'n oogwink kan verander en 'n kopskuif soms nodig is om die toekoms aan te pak. So is dit ook die geval met Willie Jacobs, eienaar en stoetteler van die Jacobs Brahmane, wat die laaste drie jaar by die Hinterland Nasionale Interraskampioenskap uitsonderlik presteer het.**

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Maar dit was gewis nie so maklik soos 1, 2, 3 nie. Willie se verhaal het in 2012 as kommersiële produsent begin, maar met die droogte van 2016 was 'n ander denkrigting nodig om in dié geharde landbou-omgewing te floreer. Dit was toe dat hy besluit het om slegs as stoetteler toe te tree.

Volgens Hinterland se Phillip Lee, Diereoplossingsbestuurder is Willie een van min stoetteler, naamlik hyself en John Devonport, wat 'n finalis by al die Hinterland Nasionale Interraskampioenskappe die afgelope drie jaar gehad het.

In 2016 het hy met die Brahman koei Sugar, oftewel VDM143 presteer, in 2017 weer met Sugar waarna hy in 2018 met die Brahman bul genaamd Magic (AJS17675) asook Saartjie (GPCK16737) nasionale finaliste was.

Wat Willie verder uniek maak, is dat hy 'n wit én 'n rooi stoet het. Willie se filosofie is eenvoudig, maar effektief - hy het ten doel om een van die beste kuddes te teel. En met sy finaliste is Willie verseker op die regte pad.

Die 41-jarige wat in Klerksdorp gebore en getoë is, het landboubloed in sy are. Sy oupa, Willem Jacobs, het met kommersiële beeste op Klipfontein tussen Klerksdorp en Wolmaransstad in Noordwes geboer. Die nederige teler is veral in sy noppies met die Hinterland interraskompetisie waar niemand regtig teen mekaar kompeteer nie en elkeen so te sê in sy eie reg deelneem.

Hy lig 'n paar dinge aan *Senwes Scenario* uit oor hoekom hy sukses behaal het: "Dit is natuurlike goeie genetika en dan moet deeglike voorbereiding gedoen word. En dan kan jou touleier dit ook maak of breek. In die geval Barend van Staden, die 2018 Hinterland Nasionale Touleier van die Jaar @ALFA, oor wie ons ook in dié uitgawe berig.

Dit is hier waar Willie sy vertroue 100% in Barend plaas en hoewel nog vroeg in sy touleierloopbaan, is hierdie regtig nog 'n juweel wat in die kraal geteel is. Nog 'n feit is dat hulle wel in spanverband goed presteer, wat hy as nog 'n rede vir hul sukses aanvoer soos hy na Barend as sy hoofseun verwys wanneer dit by die skou van hulle diere kom.

Soos Willie reeds van kommersiële boer tot stoetteler beweeg, is hy vasberade om deurlopend uit te brei. Die dat hy ook tot produksieveilings gaan toetree om goeie kommersiële en vroulike diere aan die mark te verskaf.

Teel so voort Willie Jacobs! S



*Willie Jacobs en sy Brahman-bul Magic, wat al naam gemaak het in dié bedryf.*


Hinterland™
Herontdek dít wat saak maak
www.hinterland.co.za
AFGRI Town&Country
Senwes village
Hinterland™
AFGRI Town&Country en Senwes Village is handelsmerke van Hinterland
AFGRI Town&Country and Senwes Village are trademarks of Hinterland



# Knoffel
## Die aroma van sukses

**Ons ondersoek knoffelboerdery as 'n moontlike nismark vir Suid-Afrikaanse boere in hierdie uitgawe.**

**Deur Kefiloe Manthata**
Senwes Joernalis

S*enwes Scenario* het produsent Pieter Maree op sy plaas besoek, wat tussen Klerksdorp en Ventersdorp geleë is. Maree, wat geleidelik sy knoffelproduksie oor die afgelope vier jaar uitgebrei het, het ons op 'n toer deur sy knoffellande geneem om die proses van die plant en groei van hierdie aromatiese plant en die winspotensiaal daarvan, aan ons te demonstreer.

Knoffel is geliefd vir sy skerp aroma en word hoofsaaklik as geurmiddel in gekookte disse en stowegeregte gebruik. Daarbenewens het die ouer mense ook sekere medisinale kwaliteite aan knoffel toegedig en glo dit genees enigiets van die gewone verkoue tot inflamasie. Met sulke veelsydigheid kan die bolplant net baie goed vaar in Suid-Afrika.

Die meerderheid Suid-Afrikaans gekweekte knoffel word op die varsproduktemark verkoop. Geprosesseerde produkte soos knoffelsmere, gekapte knoffel en knoffelbotter in verskillende vorms word ook verkoop, maar nie tot dieselfde omvang nie. Maree verduidelik dat, soos by pekanneut- en dadelproduksie, benodig die kweek van knoffel baie geduld, aangesien dit hom vier jaar geneem het om sy produksie op te bou tot die punt waar 'n redelike wins gemaak kan word.

Maree se advies wanneer iemand knoffel plant, is dat dit wys is "om klein te begin en produksie geleidelik op te bou". Hy bedoel daarmee dat jy nie oorhaastig 'n groot land vol knoffel moet plant nie. Dit is beter om minder te plant en geleidelik uit te brei.

Knoffel floreer in warm temperature. Lang, sonnige dae moedig bolformasie aan, veral gedurende die groeiseisoen. Daar word gesê dat die perfekte tyd om knoffel te begin plant, tydens die maande tussen Februarie en Mei is. Maak seker jy plant in goed gedreineerde, vrugbare grond met baie organiese materiaal, wat goed bewerk is voor planttyd ten einde los grond vir bolontwikkeling te verseker. Die grond bepaal die hoeveelheid water en kunsmis wat benodig sal word, maar knoffel kan gewoonlik suksesvol geproduseer word onder drupbesproeiing of sprinkelbesproeiing. Jy sal weet wanneer dit reg is om geoes te word - wanneer die boonste gedeelte van die blare droog begin word en dunner word. Knoffel word met die hand geoes en opgehang om heeltemal af te droog voor dit verpak en verkoop word.

Die Suid-Afrikaanse knoffelmark is tans nog relatief klein, maar dit groei vinnig. Die prys is tans sowat R53 per ton. S



*Pieter Maree in sy knoffellande op sy plaas tussen Klerksdorp en Ventersdorp.*




# Breek **steeds** nuwe grond

Senwes Equipment se ervaring in landbou strek oor **110 jaar**. As eksklusiewe handelaar van John Deere en alternatiewe toerusting, verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings.

Senwes equipment

Agri rewards

www.senwes.co.za




# Fonteine van vernuwing in Bloem

**Vir 'n tak wat vanjaar al vir die 27ste jaar een van die grootste takke en vulstasies in ons midde is, is Bloemfontein se opgradering beslis iets om oor huistoe te skryf. Letterlik!**

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Die tak, wat op 19 Junie 1992 sy deure amptelik vir Bloemfonteiners geopen het, het die afgelope tyd 'n welkome vernuwende verandering ondergaan. So, indien jy 'n tydjie terug in Bloemfontein was, is dit beslis tyd om weer by die tak 'n draai te maak.

**BARS UIT SY NATE**

Die laaste keer toe *Senwes Scenario* dié juweel amptelik besoek het, was in 2016 en sedertdien is daar talle verbeterings aangebring.

**MAAK VOL ASSEBLIEF**

Wat 'n tenk vol. Die vulstasie by ons Hinterlandtak het vanaf 30 Augustus 2018 nuwe brandstofpompe, 'n wyer rybaan vir beter verkeersvloei, waar tot 6 voertuie gelyktydig gehelp kan word, 'n breër toegangspad, opgegradeerde nuwe draadlose pompeenhede en nou kry jy ook 95 oktaan ongelode brandstof, nuwe-generasie elektroniese pompe vir bande waar jy net die gekose druk insleutel, nuwe vleklose staal asblikeenhede, opgegradeerde LED-beligting met 'n kleiner $CO_2$ voetspoor en ook 'n dampherwinningstelsel op die ventilasie-eenhede om die verdamping te verminder en lugkwaliteit te verbeter.

**VOLLEDIG TOEGERUSTE OK EXPRESS**

In die proses is die geriefswinkel ook opgegradeer na 'n volledig toegeruste OK Express winkel.

Takbestuurder Gerhard Odendaal vertel dat die voete inderdaad verdubbel het met 'n besige kombuis met heerlike wegneemetes wat deur twee kokke voorberei word, asook heerlike koffie, lottokaartjies, lugtyd en voorafbetaalde elektrisiteit in die winkel - daar is selfs kopseerpille en groente.

Die klanttoilette is ook nou gestremd-vriendelik en 'n nuwe kiosk is vir petrol-joggies opgerig. Alles is 24-uur, sewe dae van die week beskikbaar.

**PERSONEELONTWIKKELING**

'n Besige takbestuurder moet die vrymoedigheid hê om te delegeer en met sy 105 personeellede kan Gerhard dit verseker doen. Gerhard kry binnekort ook 'n assistent-bestuurder om die verbeterde winkel met die 54 winkelpersoneel, 27 Senwes Equipment personeel en 24 personeellede by die vulstasie te bestuur.

Gerhard voel die verbeterde vloei en gelukkige personeel berei hulle voor om die produsent en stadsklant optimaal te bedien. En dit, tesame met die jaarlikse ekspo, Bloemskou en tweemaandelikse besoek van die bloedbank, help om soveel voete as moontlik na die besonderse tak te lok.

**WINKEL VOLGENDE OP DIE LYS**

Dit is steeds nie die einde nie. Die winkel is geskeduleer om verdere opgradering in Februarie 2019 te ondergaan.

Sterkte met die opgraderings Bloemies! S

# Ontsluit jou potensiaal met DEKALB®-innovasie



uppe marketing A19248/SS

**DEKALB**® saad bied die genetika en innovasie vir jou oes terwyl jy kan staatmaak op al die ondersteuning en kundige advies wat jy benodig. Maak staat op **DEKALB**® – die innovasieleier.

DEKALB PLANT JOU SUKSES

ACCELERON SEED APPLIED SOLUTIONS
YieldGard® MAIZE 2
Roundup Ready® MAIZE 2

Acceleron®, Roundup Ready® MAIZE 2 en YieldGard® MAIZE 2 is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

**DEKALB®** is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

www.dekalb.co.za | DEKALB South Africa
DEKALB SA | dekalbsa | @DEKALB_SA

# BLOEMFONTEIN: PERSONEEL

## HINTERLAND: BLOEMFONTEIN

**Waar:** Die Hinterlandtak is by Curielaan 24, Hospitaalpark, Bloemfontein geleë. Die tak is al amper 27 jaar daar geleë, met die takopening wat op 19 Junie 1992 plaasgevind het.

**Kontaknommer:** 051 411 0101



### GERHARD ODENDAAL
**Takbestuurder**

082 881 1930
051 411 0101

bloemfontein.takbestuurder@hinterland.co.za



### BEN BUYS
**Onderdelebestuurder**

073 495 6753
051 411 0101

bloemfontein.onderdele@senwes.co.za



### STOFFEL RALENGOELE
**Silobestuurder**

060 966 6859
051 435 5907

bloemfontein.grainlink@senwes.co.za



### JOHN MORGADO
**Werkswinkelbestuurder**

082 412 3309
051 411 0101

bloemfontein.werkswinkel1@senwes.co.za



### JOHANNES BRINK
**Senwes Credit Sleutelrekeningbestuurder**

082 850 8901
051 411 0101

johannes.brink@senwes.co.za



### DRIES VAN SCHALKWYK
**Heelwerktuigbemarker**

082 829 7576
051 411 0101

dries.vanschalkwyk@senwes.co.za



### BOET VAN ZYL
**Landboukundige**

072 260 2202
051 411 0101

boet.vanzyl@senwes.co.za



### JANA MYBURGH
**Senwes Graanbemarker**

082 809 8693
051 430 0878

jana.erasmus@senwes.co.za



### DAVE VAN DER SANDT
**Hoof Winkelverkope**

051 411 0101

bloemfontein.winkel@senwes.co.za

## CERTISURE: BLOEMFONTEIN

Hier volg die kontakbesonderhede vir maklike verwysing om jou betroubare Certisure makelaars in Bloemfontein te kontak:



### MARTIE HARMSE
**Makelaar**

083 285 0842
051 411 0101

martie.harmse@certisure.co.za



### JOELINE PETERSON
**Makelaarsassistent**

051 411 0101

joeline.peterson@certisure.co.za



### ELIZMA CALITZ
**Makelaarsassistent**

051 411 0101

elizma.calitz@certisure.co.za



# JAGTYD!

**Terwyl die somer se plesiertjies einde se kant toe staan, begin jagters se gedagtes te dwaal. Die onbekende van 'n jagseisoen wat voorlê, kan 'n jagter se gedagtes dae aaneen besig hou. Graag wil hulle voortbou op vorige jare se sukses, sonder om weer in dieselfde gat te trap van vorige jare se foute.**

■ **Deur Jan-Lodewyk Serfontein**
Jagkenner

Saterdagoggend is dit juis een van die beplande jagdae met 'n beplande bok op die wenslys. Die kinders is vroeg op en wakker, aangetrek, ingepak en gereed vir die dag. My dogter se eerste jag, wat maande lank beplan is, het aangebreek. Van inskiet op die baan tot skootplasings is bespreek en ingeoefen. Om die bok op die regte plek te tref op verskillende afstande, weet sy meer van as meeste ander jagters. Nou kan die dag verloop soos beplan.

Maar wat doen ons as alles nie reg verloop nie? Sal sy weet hoeveel om te kompenseer as die bokke nie gaan staan waar hulle moet staan nie? Wat as die wind te veel waai? Sal sy oor die bokkoors kom, wat sekerlik gaan opduik nes die perfekte skoot homself voordoen? En dan moet sy net nie die bok kwes nie. Jou eerste bok moet 'n ervaring wees wat jy vir altyd wil onthou en vir altyd kan oorvertel. Dit moet perfek wees.

Gelukkig het die bok na 'n bietjie se rondloop presies plankdwars gaan staan. Nader aan 100m kon die bok nie gaan staan het nie. Nou kan die prentjie perfek ingekleur word, indien sy alles doen soos sy geoefen het.

Die kruishaar het agter die bok se blad sy lêplek gaan soek. Die sneller druk was net soos wat sy geoefen het. En nog voor die skoot se klap insink, het die bok tussen die gras platgeval. Haar gesig kon stories vertel, woorde was daar nie, en haar asemhaling was meer opgewonde as nog ooit tevore! Vandag het alles presies reg verloop sodat sy 'n perfekte dag kon hê. 'n Perfekte dag soos wat 'n trotse pa wil hê dit moet wees.

Nadat die bok afgeslag is en die vleis in die koelkamer is, kan daar ontspan word. Stories kan vertel word en die dag kan oor en oor herleef word. Tussen deur al die nuwe stories, emosies en opgewondenheid, kry ek die geleentheid om vir haar te vra hoe haar dag was en of sy weer 'n bok sal skiet. Behalwe 'n spontane antwoord van "natuurlik", was daar nie veel meer oor die skiet gesels nie. Om in die veld te wees, te swem in die plaasdam en net kind te wees het haar dag gemaak!

Later sit en herkou ek aan die lesse wat kinders ons leer. Vandag het die kinders my weer nuwe lesse geleer. Ons beplan maande lank aan 'n jagtog. Wat ons wil jag, waar dit gaan wees, hoe die bok moet staan en hoe ver hy moet staan. Ons beplan namens die natuur hoe ons wil jag, hoe ons die natuur wil ervaar.

Vandag het my dogter my geleer dat ek jag moet geniet vir wat dit is en nie wat ons wil hê dit moet wees nie. Om in die natuur te wees, dit te ervaar en naby aan God se skepping te wees. Te staar in die vuur se vlamme, die naggeluide te geniet. Die onbekende te soek en geleenthede wat hulself net soms voordoen, te ervaar vir wat dit is.

Geniet julle jagtyd! S

allegaartjie




# Senwes al 26 jaar deel van Ottosdal Draf en Trap

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

**LANDBOUERS, HET JULLE** al gehoor van die Senwes geborgde Ottosdal Draf en Trap? Wel, dit is verseker die beste uitvoerproduk van die landboudorpie Ottosdal wat vanjaar op Saterdag, 26 Januarie 2019, hulle 26ste bestaansjaar gevier het. Senwes loop al vir dekades die pad saam met hulle sedert 1994.

4 083 sportlui en 11 000 besoekers het vanjaar op die Noordwes dorpie toegesak. Senwesters, asook die Hinterlandtak se waterpunt, is al sinoniem met die grootste gekombineerde sportgebeurtenis in die Noordwes.

Daar was oudergewoonte elf items, drie bergfietsritte, vier padfietsritte asook vier padwedlope. Die Draf en Trap het vanjaar ook 'n stap die toekoms in gegee met atlete se tye wat vir die heel eerste keer met elektroniese skyfies geneem is en die resultate baie vinniger beskikbaar sal wees as in die verlede. Voorwaar 'n toekomsstap in die regte rigting.

Sekretaresse en organiseerder Willa Naudé noem dat hulle deur die jare gegroei het en ongelooflik dankbaar is vir die ondersteuning van alle organisasies, landboumaatskappye soos Senwes en borge wat in enige hoedanigheid by die Ottosdal Draf en Trap betrokke is. Hulle maak jaarliks reg vir meer as 3 500 atlete en 1 400 fietsryers. Voorsitter Jaco Bamberger vertel ook dat dit 'n eer is om die geleentheid vir die gemeenskap, atlete en fietsryers aan te bied.

Welgedaan Ottosdal Draf en Trap! S

Kyk na die video-insetsel oor die 2019 Ottosdal Draf en Trap by die skakel http://senwes.co/drafentrap19 of skandeer die QR-kode:

# Hou jou voete op die grond, maan BFAP

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

**TYDENS 'N ONLANGSE** besoek aan Senwes Hoofkantoor in Klerksdorp het Divan van der Westhuizen, BFAP Bestuurder: Plaasinsetverskaffing, gemaan dat dit absoluut krities is vir BFAP om hulle voete deurlopend op die grond te hê.

Gereelde besoeke aan landbouorganisasies is nodig om hulle navorsing te belyn en te verfyn. Hy ag sulke sessies met markleiers as absoluut noodsaaklik om toegepaste en industrie-relevante navorsing met landboubesighede, verskaffers en die privaatsektor te deel om die relevansie van ons analise en navorsing te reflekteer.

In terme van 2019 het hy gemaan dat daar maar altyd onsekerhede sal wees wat bestuur moet word. Onsekerhede rakende die 2019 nasionale verkiesing, beleggingsekerheid, grondonteiening sonder vergoeding en dat dit en ander aspekte jou besluitnemingsprosesse beïnvloed.

In sy voorlegging het hy spesifiek na die intensiteit van 2015 en 2016 verwys en natuurlik na die implikasies daarvan, waarvoor hulle baie sensitief is. In tye soos dié is vroeë waarskuwingsindikatore nodig om ons te lei. Hy het weereens gesê dat indien 'n swak El Niño sisteem sou ontwikkel, dit nie 'n gegewe is dat dit 'n droogte impliseer nie. Sy raad is om altyd wakker te wees, om dinge raak te sien en dit in jou besluitneming toe te pas. "Maar boere moet doen wat hulle die beste doen - en dit is om te boer." S



*Divan van der Westhuizen, BFAP Bestuurder: Plaasinsetverskaffing*




Breek **steeds** nuwe grond

Senwes Equipment se ervaring in landbou strek oor **110 jaar**. As eksklusiewe handelaar van John Deere en alternatiewe toerusting, verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings.

Senwes equipment

Agri rewards

www.senwes.co.za

# Hoe om 'n digitale ingesteldheid te ontwikkel in 5 STAPPE

**Deur Johan Le Grange**
Digitale Inhoudspesialis

STAP 01

## WEET WAARIN JY JOU BEGEWE

Om 'n digitale denkrigting te hê beteken nie noodwendig dat jy op al die sosiale mediaplatforms moet wees of dat jy elke aspek van jou besigheid moet digitaliseer nie. Dit impliseer ook nie dat jy ontslae moet raak van goeie, outydse pen en papier nie. Om 'n digitale ingesteldheid te ontwikkel kan bloot beteken dat jy tegnologie gebruik en aanwend om jou lewe makliker en meer gerieflik te maak.

STAP 02

## BEWEEG UIT JOU GEMAKSONE

Dink oor rewolusionêre konsepte soos aanlynbankdienste, aanlynaankope en aanlynopleiding. Of is jy te gewoond daaraan om tjeks uit te skryf, kontant onder jou matras te bêre en van winkel na winkel te ry om een te vind wat 'n spesifieke produk in voorraad het? As jy die lewe makliker wil maak vir jouself en jou besigheid, begin deur slegs een aspek te digitaliseer. Dan nog een, ensovoorts. Dit kan jou administratiewe afdeling wees of jou inklokstelsel wat jy digitaliseer.

STAP 03

## DINK DIGITAAL

Die ontwikkeling van 'n digitale ingesteldheid beteken dat jy deurlopend moet onthou dat jy tegnologie kan gebruik om probleme op te los, nuwe vaardighede te leer en nuttige inligting te versamel. As jy byvoorbeeld met 'n projek, program of produk sukkel, is die kans goed dat daar minstens 'n dosyn video's op YouTube sal wees wat jou wys hoe om dit te doen. Sukkel jy om 'n aankoopbesluit te neem? Doen al jou navorsing aanlyn en vooraf. Die oplossing van probleme met 'n digitale ingesteldheid kan iets kleins wees, soos om by die OTM op te daag sonder jou beursie en in plaas daarvan om huistoe te ry om dit te gaan haal, doen eerder 'n kaartlose onttrekking.

STAP 04

## MOENIE BANG WEES OM TE VERANDER NIE

Die verandering van jou denkwyse en die uittoets van nuwe dinge kan moeilik wees en onsekerheid meebring, maar om verandering vir te lank teen te staan, kan jou so ver op die agtervoet plaas dat selfs die gedagte om op te vang op elke aspek van jou lewe wat nie tred gehou het met nuwe ontwikkelinge nie, buite die grense van moontlikheid sal val. Moenie bang wees om foute te maak in die proses om te leer wat vir jou werk en wat nie werk nie. Navorsing het getoon dat verandering groei aanmoedig; dit leer jou om aanpasbaar te wees; dit onthul jou sterk punte; dit breek roetine en dit bring nuwe geleenthede.

STAP 05

## SOEK WAARDE

Moenie tyd mors nie - as jy nie die verlangde waarde uit 'n nuwe stelsel, oplossing of platform wat jy gebruik, kry nie, beweeg aan. Saam met die digitale era het die dislojale klant gekom, waar besluite vinnig geneem word en niemand lank stilstaan by ongelukkigheid omdat mededinging so sterk is nie.

Benader die res van 2019 met 'n hernude digitale ingesteldheid wat nie net die deure sal open na ongelooflike geleenthede nie, maar ook jou en jou besigheid aan die voorpunt van landbou in Suid-Afrika sal hou. S




# Breek **steeds** nuwe grond

Senwes Equipment se ervaring in landbou strek oor **110 jaar**. As eksklusiewe handelaar van John Deere en alternatiewe toerusting, verseker ons jou toegang tot die nuutste ontwikkelings.

Senwes equipment

Agri rewards

www.senwes.co.za

# El Niño-jare

## Wat het gebeur in die verlede?


**Die vorige uitgawe het 'n artikel bevat wat weer gaan kyk het na die agtergrond, ontstaan en ontwikkeling van ENSO (El Niño Southern Oscillation) gebeurtenisse. Hierdie artikel is 'n eerste opvolg waar daar gekyk word na 'n spesifieke klassifikasie van ENSO in die vorm van 'n swak El Niño-gebeurtenis wat ook tans in plek is vir die 2018/2019 produksieseisoen.**

**Deur Frans Dreyer**
Bestuurder: Senwes Graanmakelaars

'n Swak El Niño-gebeurtenis word geïdentifiseer wanneer seeoppervlaktemperature bo normaal warm, maar binne 'n spesifieke grade Celsius band val. Seeoppervlaktemperature word as 'n norm uitgedruk deur middel van maandelikse Oceanic Nino Indeks (ONI)-waardes. Elke maandelikse ONI-waarde is die 3-maande gemiddeld van die seeoppervlaktemperatuur in die Nino 3.4 gebied. Hierdie klassifikasie is oor tyd onderverdeel om die verwagte intensiteit van 'n El Niño- of La Niña verskynsel aan te dui. Die verdeling word gemaak in 0.5° Celsius intervalle soos aangedui in **Figuur 1**.

Hierdie klassifikasie maak dit moontlik om vorige seisoene beter in te deel volgens die tipe seisoen wat ervaar is, soos opgesom in **Tabel 1**.

Indien daar op die lang termyn gekyk word na El Niño- en La Niña verskynsels, word die werklike impak daarvan op opbrengsverwagting duidelik. Indien die





*Figuur 1: Oceanic El Niño Indeks (ONI).* Bron: GG Weather


*Tabel 1: El Niño en La Niña jare klassifisering*

| El Niño | | | | La Niña | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Weak (0.5 to 1°C)** | **Moderate (1 to 1.5°C)** | **Strong (1.5 to 2°C)** | **Very Strong (>2°C)** | **Weak (-0.5 to -1°C)** | **Moderate (-1 to -1.5°C)** | **Strong (<-1.5°C)** |
| 1952-1953 | 1951-1952 | 1957-1958 | 1982-1983 | 1954-1955 | 1955-1956 | 1973-1974 |
| 1953-1954 | 1963-1964 | 1965-1966 | 1997-1998 | 1964-1965 | 1970-1971 | 1975-1976 |
| 1958-1959 | 1968-1969 | 1972-1973 | 2015-2016 | 1971-1972 | 1995-1996 | 1988-1989 |
| 1969-1970 | 1986-1987 | 1987-1988 | | 1974-1975 | 2011-2012 | 1998-1999 |
| 1976-1977 | 1994-1995 | 1991-1992 | | 1983-1984 | | 1999-2000 |
| 1977-1978 | 2002-2003 | | | 1984-1985 | | 2007-2008 |
| 1979-1980 | 2009-2010 | | | 2000-2001 | | 2010-2011 |
| 2004-2005 | | | | 2005-2006 | | |
| 2014-2015 | | | | 2008-2009 | ` | |
| | | | | 2016-2017 | | |
| | | | | 2017-2018 | | |

Bron: GG Weather




*Grafiek 1: Reënvalverspreiding tydens swak El Niño jare vir die westelike produksiegebied.* Bron: Saamgestel deur Thys Grobbelaar




*Grafiek 2: Gemiddelde kumulatiewe reënvalverspreiding tydens swak El Niño jare vir die westelike produksiegebied.* Bron: Saamgestel deur Thys Grobbelaar

werklike opbrengste vir die westelike produksiegebied (sensitief vir El Niño verskynsels) vergelyk word, is die gemiddelde opbrengs sedert die 1919-20 seisoen tot en met die 2017-18 seisoen 2.43mt/ha tydens La Niña jare, 1.56mt/ha tydens El Niño jare en 1.9mt/ha tydens neutrale seisoene. Indien hierdie gemiddeldes slegs bereken word vanaf die 1983-84 seisoen het La Niña jare 3.72mt/ha, El Niño jare 2.68mt/ha en neutrale jare 3.18mt/ha opgelewer.

Deur egter slegs die gemiddeld van die swak El Niño jare in ag te neem, lyk die prentjie anders. Die gemiddelde opbrengs van die 10 swak El Niño seisoene soos aangedui in Tabel 1 is 2.24mt/ha wat beter is as die langtermyngemiddeld van neutrale jare. Hierdie gemiddeld vir die swak El Niño jare sedert 1983-84 was 3.54mt/ha, wat weereens beter is as die opbrengs tydens neutrale jare oor dieselfde tydperk. Dit word dus duidelik dat swak El Niño jare nie noodwendig gepaard gaan met ondergemiddelde opbrengsrealisasie nie. Hierdie opbrengsverwagting kan egter wel gekoppel word aan kumulatiewe reënval, maar ook die verspreiding van reënval soos aangedui in **Grafiek 1** en **Grafiek 2**.

Die reënval tydens swak El Niño jare dui nie noodwendig kumulatief op ondergemiddelde reënval nie. Die gemiddelde kumulatiewe reënval tydens hierdie seisoene was 524.7mm teenoor die langtermyn kumulatiewe gemiddeld van 553.8mm. As daar egter na die verspreiding van die reënval gekyk word in Grafiek 1, is die afwyking van die langtermyn gemiddeld vir elke maand vanaf Junie tot die volgende jaar Junie heelwat kleiner vanaf September tot Desember met die groter afwykings vanaf Januarie tot Maart. Inteendeel, die swak El Niño jare se gemiddelde reënval vir September tot Desember was hoër as die langtermyn gemiddelde reënval vir hierdie maande. Die swak El Niño jare se gemiddelde reënval vanaf Januarie tot Maart is egter onder die langtermyn gemiddelde reënval wat daarop kan dui dat swak El Niño jare wel tot laer reënval kan lei tydens die tradisionele midsomerdroogtetydperk. Indien die gemiddelde reënval egter kumulatief voorgestel word soos in Grafiek 2, word die afwyking in reënvalverspreiding meer duidelik.

Om op te som, hierdie artikel het nie ten doel om 'n voorspelling te maak vir die 2018-19 seisoen ten opsigte van reënverwagting nie. Die inligting hierin vervat is gebaseer op werklike historiese realisasie van weerverskynsels en getoetste modelle oor tyd. Die afleiding wat uit die verwagtings gemaak kan word, is dat die produksieseisoen waarskynlik gekenmerk sal word as 'n swak El Niño seisoen. Hierdie tipe El Niño seisoen word nie noodwendig gekenmerk deur baie swak onder gemiddelde opbrengste in die meer sensitiewe westelike produksiegebied nie en kumulatiewe reënval wyk ook nie werklik baie af van die langtermyn gemiddelde reënval nie. Dit was egter wel opvallend dat die verspreiding van reënval dui op meer gunstige kumulatiewe reënval tydens die plantvenster van September tot Desember, maar dat die reënval onder gemiddeld kan wees vir die tradisionele midsomerdroogtetydperk. Gegewe die waarneming sal dit altyd sinvol wees vir produsente om aanplantingbeplanning en plantdatumverspreiding sodanig aan te pas om die potensiële midsomerrisiko aan te spreek. Seisoene bly nietemin uniek en die ontwikkeling van die bestaande seisoen is geen uitsondering nie. Elke produsent sal dus sy eie risiko moet bepaal en seker maak dat beskikbare grondvog voldoende is voor 'n aanplantingsbesluit geneem word. S

## Kos vir die siel


Milanie Vosloo

# Ons oë is die lense van ons siel:

## *Lense met filters wat ons die lewe op 'n sekere manier laat sien...*

Ons het elkeen 'n storie: 'n Unieke verhaal wat ons gevorm het en ons oë met spatsels kleur geverf het sodat ons op 'n bepaalde manier na die wêreld kyk.

Die vraag is: Hoe lyk die lense van mý oë? Het pyn, teleurstelling en teenslae die filters van my siel donker gekleur, sodat ek oor die algemeen grys geverfde prentjies sien? Of kan ek – ondanks alles – dit tog regkry om meer dikwels die helder kleure van die lewe raak te sien? Sien ek nog hoop ten spyte van ashope, oggendlag na die donker nag, die goedheid in ander ondanks hul swakheid?

Geloof kleur ons wêreld ánders. Dit help ons om brutaal eerlik te wees met die werklikheid, maar daarmee saam onwrikbaar te glo dat dinge sal uitwerk soos dit moet, mense kan verander, dat môre beter kan wees. Dit maak van 'n dit-ís-situasie 'n dit-kán-moontlikheid. En omdat ek dan die onbeperkte moontlikhede van my Vader sien, hoop ek anders, sien ek mense anders en leef ek anders.

Miskien kan ek en jy meer gereeld die Gees vra om ons eie lense skoon te maak sodat ons dit-kán-moontlikhede raak kan sien? Dalk:

- Voel ons eie harte dan ligter – al verander ons omstandighede nie;
- Sien ons die goeie in ander raak – al maak hulle ook droog;
- Hoor ons die liefde – ten spyte van dinge wat ons kwaad maak;
- Weet ons intuïtief dat God by ons is: môre ook sal wees.

Kom ons bid: *Verwyder die skadu's oor my siel sodat ek met lig-wees-filters sal kyk. Met nuwe hoop sal glo. Met groter verwagting sal leef. Met oorgawe sal liefhê. Ja, maak my oë weer oop... vir al die goed wat U gee. Vir Wie U ís.* S

## Wen met Senwes en Cum Uitgewers

Hoop wat kaalvoet loop is in Augustus 2016 uitgereik en is teen R179.95 op die rakke. Een gelukkige leser kan 'n kopie wen van *Hoop wat kaalvoet loop*, 101 dagstukke vol hoop en inspirasie wat jou siel sal verkwik. **SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Maart 2019.**

*Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisiereëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.*



# Wenke vir warm tye

**Deur Johan (Dons) Jordaan**
Groep Bemarkingsbestuurder, Bastion

Februarie is gewoonlik 'n baie warm en droë maand. Dit is dus nodig om nou dieper nat te maak deur meer water op 'n slag te gee. Maak eerder een tot twee keer per week goed diep nat as wat daar elke dag net vlak natgemaak word. Dit sal verseker dat die plante genoegsame water in die hele grondprofiel het en wortels die grond dieper binnedring. Plante sal so hittegolwe en droë periodes beter kan hanteer.

In hierdie warm tye floreer siektes en daar moet veral vir poeieragtige meeldou, roes en swartvlek op rose, dahlias en begonias uitgekyk word. Om jou grasperk groen te hou tot die winter, kan daar vir oulaas met 'n mengsel kunsmis soos 5:1:5 bemes word.

In Maart begin die ergste hitte breek en jou benattingspatrone kan aangepas word om oorbenatting te verhoed. Maak seker om te spuit vir ruspes en ander insekte aangesien dit nou 'n probleem kan wees.

April moet daar voorbereiding vir die winter getref word. Meerjarige plante wat klaar geblom het, kan nou gesnoei word. Alle blombolle wat in die lente blom, kan in potte of in beddings uitgeplant word. Onthou dat ranonkels kan verdwyn, plant hulle eerder in 'n pot. Spuit ook nou meerjarige onkruide voordat hulle saadskiet.

In die groentetuin en vrugteboord is daar ook 'n paar dinge om te doen. Vrugtebome se deklae moet teen Februarie hersien word om seker te maak vog word bewaar in die ekstreme hitte. Om siekte en insekskade te voorkom, moet daar seker gemaak word dat die stamme oop is. Vrugtebome wat teen hierdie tyd reeds geoes is, kan nou met 'n lae N, hoë K kunsmis soos 3:1:5 bemes word.

Broccoli, blomkool en kool kan nou vir die winter aangeplant word. Saai jou beet en wortels in rye. Februarie is ook 'n goeie tyd om blaarslaai, spinasie en pietersielie uit te plant na koeler areas van die tuin.

Teen Maart kan wortels en beet uitgedun word. Pampoene wat in Oktober en November geplant is, sal nou oesgereed wees. Pampoene wat goed afgedroog het, kan in 'n droë en goed geventileerde area gestoor word. Plantsiektes en insekte kan ook in jou vrugte- en groentetuin voorkom. Wees op die uitkyk daarvoor. S



# Uitsonderlike aanbiedinge

JCB FINANCE



## BACKHOE LOADER 3CX & 3DX

- Tot so laag as PRIMA -9% gekoppel
- Maandelikse / jaarlikse paaiemente beskikbaar



## BACKHOE LOADER 2DX

- Tot so laag as PRIMA -2.5% gekoppel
- Maandelikse / jaarlikse paaiemente beskikbaar



## TELEHANDLERS

- Tot so laag as PRIMA -3.5% gekoppel
- Maandelikse / jaarlikse paaiemente beskikbaar

Geldig tot 30 April 2019

**TERME EN VOORWAARDES GELDIG**

Vir enige navrae, kontak asseblief u naaste Senwes Equipment heelgoederebemarker vir meer inligting of 'n demonstrasie.

**NAVRAE:**
Antoon Smalberger (082 806 4844)
Phillip Nel (083 451 3947)

Senwes equipment

TOLVRY: 080 941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi




*Finansiering gebou vir jou*

JOHN DEERE FINANCIAL

*Bepalings en voorwaardes geld (beskikbaar by www.deere.com/sub-saharan/en ). Onderhewig aan kredietgoedkeuring en die finansieringsbank se bepalings en voorwaardes. Die Paaiemente is gekoppel aan prima.
**Aanbod is gebaseer op 'n 20% deposito, 60 maandelikse betalings.**

**Aanbod is geldig tot 31 Maart 2019, solank voorraad hou.**

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.

Volg ons op Facebook Twitter YouTube

www.deere.com/sub-saharan/en
africa@johndeere.com
Kliëntediens: 080 098 3821